

## Resensies

J Waters, *David Livingstone. Trail Blazer*, Inter-Varsity Press, Leicester 1996, 288pp. Prys onbekend.

By die Victoria waterval staan 'n standbeeld van 'n man op 'n baie prominente plek, in die sporeireën van hierdie natuurwonder. 'n Blanke man, in die kleredrag van die vorige eeu, staan en tuur oor die waters van die Zambesi na die gebiede verder noord. Op drie kante van die voetstuk staan 'n beskrywing van sy lewe: "missionary, explorer, liberator". Terwyl oral in Afrika name, wat uit die koloniale tyd dateer, verwyder is, staan hy hier. Oorkant die rivier is 'n dorp wat steeds sy naam dra, soos ook in die verre Malawi. Hierdie man moes iets reg gedoen het. Dit lyk asof hierdie Skotsman uit verre Blantyre daarin geslaag het om naby die mense van Afrika te kom, en hulle te bereik op 'n manier wat vir min beskore is.

Oor Livingstone is al talle biografieë geskryf. John Waters erken dit, en verwys na verskeie van hulle. Hy meen ook nie dat hy die finale beskrywing gegee het nie, maar ook hy het probeer om nader aan die mens David Livingstone te kom. Die subtitel van sy boek dui waarskynlik die hoek aan van waaruit hy hom bekijk.

Livingstone was inderdaad 'n "trailblazer". Ek het nooit voorheen besef hoeveel hy werklik gereis, en watter streke van Afrika hy regtig te voet oopgemaak het nie. Dit is werklik aangrypend om te lees met watter ontberinge hy deurgedruk het eers na die Atlantiese en later die Indiese oseane. Dit is egter ook interessant om te verneem in watter opsigte sy gedagtes ook sy tyd vooruit was.

Dit is welbekend dat veel van dit wat hy gedoen het binne die konteks van sy stryd teen die slawehandel verstaan moet word. Dit het hom gedryf. Sy ontdekkingsreise het hom bekendheid gegee. Maar dit is dalk nie so bekend dat die passie wat hom tot dit alles aangevuur het sy diepe liefde vir sy Heer en Verlosser was, en sy diepgaande oortuiging van 'n roeping tot die verkondiging van die goeie boodskap aan die mense van Afrika. Vanaf sy eerste aankoms in die Kaap tot sy dood ongeveer 30 jaar later was hy in die eerste en laaste plek 'n sendeling. Onder andere was sy reise daarop gemik om onbereikte volkere te vind, en gesonde plekke te identifiseer waarvandaan hulle bereik kon word. Orals waar hy gegaan het, het hy nie alleen sy persoonlike godsdiensbeoefening ernstig geneem nie, maar het hy met erns die evangelie op 'n relevante wyse probeer kommunikeer met die mense wat hy teëgekom het. Hy was een van die eerstes wat geglo het dat dit in die laaste instansie die Afrikane was wat self die kerk

moes plant en lei, en dat die pionier sendelinge maar 'n heel beperkte rol gehad het om te speel. Laasgenoemde moes alleen die werk aanvoer en dit vir die swart sendelinge moontlik maak om die werk voort te dra.

Hy het die Afrikane vertrou en hom in 'n groot mate aan hulle toe-vertrou. Dit het hy in die bos geleer. Maar dan was hy allesbehalwe 'n soetsappige humanis met bewondering van alles in Afrika. Hy het groot teleurstellings met Afrikane gehad, maar het dit steeds vergelyk met sy soortgelyke botsings en teleurstellings met Europeane. Tog was dit so dat Livingstone uiteindelik met veel groter begrip en geduld omgegaan het met sy swart as sy blanke medewerkers en reisgenote. Sy hart het (letterlik en) figuurlik in Afrika tot rus gekom.

Hy het in sy tyd 'n legende geword, een van die uitgesoekte seuns van Skotland wat in Westminster abdy in Londen begrawe is. Maar dit kon alleen omdat sy getroue metgeselle sy liggaam met die ongelooflikste ontberinge uit die middel van die kontinent na die kus gedra het.

As u nog nooit oor David Livingstone gelees het nie, moet u tog maar. En hierdie boek is 'n goeie begin. Dit lees maklik, is boeiend en laat 'n mens diep nadink. Dit gee 'n baie gebalanseerde indruk, want die outeur het veral diep gegrawe in Livingstone se uitvoerige dagboeke. As u - soos ek - wonder oor u plek en rol in Afrika, is die geskiedenis van David Livingstone daar om oor te peins. As u - soos ek - lief is vir die landskap van Afrika, en dit wil verken en bereis, dan weet u dat mens jouself orals op hierdie man se spore bevind. 'n Baie leesbare boek oor 'n merkwaardige man.

J J Kritzinger

L Morris, *Galatians: Paul's charter of christian freedom*, Inter-Varsity Press, Leicester 1996, 191 pp. Prys £14.99.

Oor verskeie jare het Leon Morris 'n konstante stroom van goeie akademiese materiaal die lig laat sien. Sy aanslag is gewoonlik akademies, maar nie oorweldigend nie. Die meeste van sy boeke wat ek ken is nie die ensiklopediese eindpunt van daardie betrokke saak nie, maar eerder die aanbied van 'n verantwoordelike hoeveelheid materiaal wat beide vir die dominee wat moet gaan preek asook vir die akademikus van waarde kan wees. Lang ekskursies of ingewikkelde debatte is nie so prominent nie. Morris se werk het ook almal onmiskenbaar die stempel van sy eie oortuigings.

Hierdie manier van aanbieding het natuurlik 'n bepaalde aantrekkingskrag; veral in die tyd waar daar 'n onbeheersbare hoeveelheid materiaal op die mark verskyn.

Wat hierbo gesê is, geld ook van Morris se kommentaar oor Galasiërs. Sy kommentaar is in die klassieke kommentaarstyl. Daar is 'n "Inleiding" van sowat 20 bladsye waar die gewone vrae soos, "Wie het geskryf, aan wie en wanneer?", "Wie was die opponente?", "Watter literêre *genre* dit is" en so meer, aangespreek word. Daarna volg 'n vers vir vers verklaring van die hele brief. Hy lewer duidelike kommentaar oor elke vers en gebruik voetnote vir korter verwysings na ander geleerdes (hoewel beperk), opmerkings oor die gebruik van Griekse woorde en ander soortgelyke opmerkings.

'n Resensie van 'n kommentaar is altyd moeilik in die sin dat 'n kommentaar wemel van klein beslissings oor elke vers. 'n Mens voel gewoonlik nooit dat al die beslissings 100% oortuigend is nie en soms sou die klem hier en daar na jou mening anders gelê kon gewees het. Om egter op hierdie soort van vlak te beweeg, sou neerkom om die splinters raak te sien. Daarom beperk ek my liever by die vraag of daar fout te vind is met die hooflyne van Morris se argumente. Die titel van die boek bevat reeds veel van Morris se benadering. Dit gaan oor die Christelike vryheid teenoor die wet. Daarmee het Morris homself op 'n betroubare en na my mening korrekte pad geplaas. Hoewel dit nie altyd maklik is om met 'n vers-vir-vers-kommentaar die hooflyne so duidelik te isoleer nie, kom hierdie faset tog duidelik uit. Morris ontwikkel hierdie asook ander temas binne verantwoordelike en aanvaarbare lyne.

Ek kan hierdie kommentaar dus met vrymoedigheid aanbeveel en verwelkom dit as 'n goeie byvoeging tot die rak van elke dominee.

J G van der Watt

P T O'Brien, *Gospel and Mission in the writings of Paul. On exegetical and theological analysis*, Baker Books, Michigan 1995, 161 pp. Prys \$9.99.

Hierdie boek het sy oorsprong in die sendingpraktyk. Die wortels daarvan kan teruggevind word in die sendingervaring van die skrywer in Indië; waar daar nie altyd so 'n positiewe reaksie op sendingwerk is nie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat O'Brien Paulus as sendeling-teoloog begin bestudeer het. Die boek is 'n neerslag van daardie studie.

Die ontstaansgeskiedenis van die boek bepaal in 'n sekere sin ook die inhoudsaanbieding van die boek. Die eerste hoofstuk handel oor die

roepingsgebeure van Paulus. Daarna verskuif die aandag na die sukses van Paulus se sending en van die onderskeidende kenmerke van Paulus se sendingstrategie. Daarna word aandag aan die logika van Paulus se sendingboodskap gegee. In hoofstuk 4 word Paulus se ambisies behandel. Sy nederigheid en die navolg van sy voorbeeld deur ander gelowiges kom veral in fokus. In die laaste hoofstuk ontvang sy “groot opdrag” sowel as die voortsetting daarvan deur die kerk, spesiale aandag. Spesiale uitdagings word aan die kerk se adres gelê wat hulle moet oorkom.

Die aanbieding van die boek is nie vir die populêre mark nie, maar is op dominees, teologiese studente en opgeleide sendelinge gemik. Tog is ek van mening dat persone wat nie direk teologiese opleiding gehad het nie en in die onderwerp belangstel, geen moeite sal hê om die boek te kan hanteer nie.

O'Brien pak sy onderwerp eksegeties verantwoord aan. Hy kies die belangrikste dele uit Paulus se briewe waar die betrokke tema wat ter sprake is, aangevoer word. Hierdie gedeeltes analiseer hy deeglik en trek dan die nodige konklusies. Hy is 'n ervare eksegeet soos blyk uit sy manier van aanbieding asook uit die integrasie van sy gegewens.

Hierdie is 'n waardevolle boek vir persone wat vanuit 'n missionêre hoek na Paulus wil kyk. Indien daar binne die missiologie na die Bybelse grondslae gevra word, is hierdie beslis 'n boek wat met vrug geraadpleeg sal kan word.

J G van der Watt

P Adams, *Speaking God's Words. A practical theology of preaching*, InterVarsity Press, Leicester 1996, 173 pp. Prys onbekend.

Hierdie boek is die vrug van “The 1993 Moore College Lectures”. Adams se homiletiese werk bestaan uit 'n tweeluik. In die eerste deel ontwerp hy 'n Bybelse grondslag vir die prediking. Die tweede afdeling fokus op die prediker en alles wat daarmee saamhang.

In sy eerste hoofdeel lê Adams die Bybelse grondslag rondom drie aspekte vas: God het gespreek, die spreke is neergeskryf en die prediking van die Woord. Ten opsigte van die spreke van God wys Adams daarop dat God die sprekende en handelende God is. Sy Woorde is effektief en skeppend. Hierdie fokuspunt word aan die hand van verskillende Bybelgedeeltes behandel. Adams verwys onder andere na Genesis 12 en Eksodus 19:9. Saaklik is die verwysings in orde. Ek het egter besware teen Adams se werkswyse. Hy lê me die historiese en literêre kontekste van die tekste

voldoende bloot nie. Daardeur ontkom sy behandeling van die teksgedeeltes nie aan die indruk van 'n mate van oppervlakkigheid nie. Die sprekende God se woorde stuit egter op weerspreking en ongehoorsaamheid. Hierop moet die prediker ook reken.

Die sprekende God se woorde het met verloop van tyd skriftelike neerslag gevind. Dit is die tweede teologiese grondslag van die prediking. Ten opsigte van die Ou Testament val Adams in die slagyster om die Ou Testamentiese woorde uitsluitlik as toekomswoorde aan te dui. Ek is dit met Adams eens dat die Ou Testament óók 'n toekomsgerigheid het. Maar dit beteken nie dat daar nie van Ou Testamentiese vervullingswoorde sprake is nie. Dit is eintlik die Nuwe Testament wat die Ou Testamentiese woorde in vervullingsperspektief plaas. Oor God se geskrewe woorde skryf Adams lesenswaardige opmerkings.

Die sprekende God se geskrewe woorde is bestem om gepreek te word. Dit is die derde grondslag van die prediking. Adams fokus op die Ou en Nuwe Testamentiese verkondigers van sy Woord. Hieroor skryf hy verhelderend. Maar die Woord bly aktueel en konkreet. Daarom is dit bestem om hier en nou verkondig te word. Om te kan preek moet die historiese en huidige konteks verreken word. Deur die preek vat God se Woord in die lewens van mense en hulle wêreld grond.

In sy tweede afdeling fokus Adams op die prediker en alles wat daarmee saamhang. Dit is die prediker se taak om God se Woord te bedien. Die bediening is egter méér as net prediking. Hierdie bediening het verskillende werkinge. Daar is byvoorbeeld die bediening met die oog op die opbou van die gemeente en die bediening van die Woord in die pastoraat. Die omvang van die bediening van die Woord word ook vanuit Nuwe Testamentiese perspektief ontsluit. Oor al dié aspekte skryf Adams insiggewend en verhelderend. Hy toon ook aan hoe hierdie oogmerke in die teologie en bediening van Calvyn verwerklik is.

Adams bestee veel tyd en energie aan die hermeneutiese aspek van prediking. Dit is nie verkwiste tyd en energie nie. Sake soos die inhoud, die aard, die relevansie, die gebruik en die outeurskap van die Skrif word helder toegelig. Vir die prediker is dit alles belangrike sake wat hy moet oordink.

In 'n slotbeweging handel Adams oor die oogmerke van die prediking. Deur die preek word God en Christus gedien. Die Woord moet ook bedien word. Met die oog hierop kan die prediker hom van die tekstematiese sowel as die tematiese preekvorm bedien. Die homilie en die narratiewe preekvorm kom egter nie by Adams aan die bod nie. Dit is bepaald 'n leemte. Die preek het ook as doel om God se volk te dien. Om

hierdie doel te bereik, pleit Adams vir 'n dialogiese preekmodel. Hieroor is ek dit met hom eens. Vir Adams is Calvyn 'n voorbeeld in die bediening van die Woord. Op hierdie noot sluit hy sy boek af.

Ek het waardering vir hierdie boek van Adams. Daar is veel waarmee 'n mens kan saamstem. Ander perspektiewe daag die leser tot herbesinning en rekenskap oor sy eie homiletiese teorie. Adams se boek kan met vrymoedigheid aanbeveel word. Wie hiermee moeite maak, sal veel oor die prediking leer.

C J A Vos

J Cilliers, *Die uitwissing van God op die kansel. Ontstellende bevindinge oor Suid-Afrikaanse prediking*, Lux Verbi, Kaapstad 1996, 145 pp. Prys onbekend.

Hierdie boek van Johan Cilliers is die luistervrug van vier en vyftig radiopreke tydens 1994 en 1995. Daar is nie net maar geluister nie, maar al luisterend is daar geanaliseer, geïnterpreteer, geëvalueer, gekontekstualiseer en gekonkludeer. Die analyses is aan die hand van 'n bekende metode gemaak, die sogenaamde Heidelbergmetode. Hierdie metode is in die tagtigerjare deur die bekende homileet Rudolf Bohren en die skrywer Gerd Debus ontwikkel. Die hartklop van die metode is 'n teologiese en linguïstiese stiplees van die preekteks. Cilliers maak die opmerking dat die metode nie voorgee "om absoluut objektief" te wees nie (p 139). Selfs al word die "absoluut" uit die opmerking verwyder, is selfs dié metode nie 'n paspoort tot 'n "objektiewe" lees nie. Só 'n lees bestaan nie. Al word watter metode ookal gebruik, die leser laat sy vatmerke op die teks. Die subjektiewe oog loer altyd oor die teks se skouer. Hiermee word die metode van Cilliers nie ongeldig verklaar nie, maar daar word net tot metodologiese versigtigheid gemaak.

Die bevindinge waartoe Cilliers kom, berus op 'n grondige verkenning en analise van die vier en vyftig preke. In die proses maak hy van vier analitiese kategorieë gebruik: Bybelteks, gemeente, prediker en God. Die boek word rondom hierdie fokuspunte gebou. Cilliers gee op 'n uiters noukeurige wyse aandag aan die vier kategorieë. Dit geld sy analyses sowel as sy taalaanbod. In 'n slothoofstuk gee hy aandag aan die vraag hoe die evangelie in preke bevrydend aan die woord kan kom. Dit gaan vir Cilliers om die evangeliese preekvrug. Dit behoort smaakvol en voedend te wees.

Cilliers se boek is soos 'n seismograaf. Dit registreer en interpreter die trillinge en grondverskuiwings rondom die verhouding wet en evangelie

soos dit in die radiopreke neerslag gevind het. Deur hierdie boek te skryf, waarsku Cilliers teen moralisme en wys hy 'n begaanbare weg aan. Wie nie op sy hoede is vir die bedreiging van moralisme nie, loop die gevaar om deur 'n aardbewing ingesluk te word. Die skrywer wys daarop dat die krisis van wettiese prediking op 'n wanverhouding tussen wet en evangelie gegrond is. Wettiese prediking bou op die sandfondament van die vroom mens en sy potensiaal. As die mens maar net die reëls van God nakom, kan hy op God se weg wandel en die wêreld na God se wil verander. Dit is egter nie haalbaar nie, want die vroom mens steier telkens onder: "Ek ellendige mens...". En dit is nie die nakom van die wet wat hom tot dié insig bring nie, maar die Gees van God (vgl Rom 7 en 8). Om die waarheid te sê, die Gees van God laat die mens telkens sy eie onvermoë besef om na God se wil te leef. Hoewel Cilliers aan die drie gebruike van die wet noukeurig aandag gee (die oortuiging van die omvang van sonde, die wet as tugmeester na Christus toe en die wet as riglyne vir die mens se lewe van dankbaarheid teenoor God en sy verlossingsdade), sou die vreugde aspek van 'n lewe uit dankbaarheid die betekenis en funksie van die wet in die lig van die evangelie meer kon verryk. In dié verband dink ek aan die vreugde wat die wet bring in Psalm 19 en 119. Die wet verkwik die lewe; dit gee aan ons wysheid; dit maak ons bly; dit verlig ons oë sodat ons insig kan hê in dit wat reg en verkeerd is; dit bring eerbied vir God; dit leer ons dat God se uitsprake regverdig is; dit toets en beoordeel ons lewe in die lig van die wet; dit bewaar ons van die verkeerde pad deur ons daarop te wys en daarteen te waarsku. In die wet leer ons dat liefde die hoogste goed en moraliteit verteenwoordig. Die klem is nie op die wet wat die heil skenk nie, maar die vreugde in die wet omdat God die heil bewerk het. In die Ou en Nuwe Testament spruit moralisme uit die misbruik van die wet. En die misbruik kom aan die lig wanneer die wet as heilsinstrument aangewend word. Daar moet in die preek ook aan dié dimensies aandag gegee word.

Ek deel Cilliers se oortuiging dat sekere antropologiese kategorieë soos atomisering en psigologisering wettisme in die hand kan werk. Tog sou ek 'n bietjie versigtiger met die kategorisering wees. Om net een voorbeeld te gee. Wanneer daar na allegorieë verwys word, moet die onderskeid tussen allegorie as 'n retoriese en poëtiese tegniek en as 'n eksegetiese metode in ag geneem word (H-J Klauck). Daar is na my oordeel wel 'n bepaalde ruimte vir allegorie as retoriese en poëtiese tegniek. Dit moet egter nie, en hierin is Cilliers reg, op die teks afgedruk word nie, maar dit moet deur die teksaanbod geregverdig word. Voorbeelde van allegoriese teksaanbiedinge is Markus 4:14-20 en Matteus 21:33-44

(Jan Lambrecht). Hiermee wil ek dus sê dat 'n allegoriese lesing wel kan voorkom, maar nooit ooit (verskoon die wettisisme) geforseer mag word nie. Op hierdie kategorieë het Cilliers met reg opnuut die aandag gevestig. Na my mening behoort die gesprek hieroor verder gevoer te word.

Volgens Cilliers kom daar in wettiese preke kenmerkende retoriese tegnieke voor. Hieronder reken hy retoriese vrae, die retoriek van die superlatiewe en die verandering van die tydsvorm. Met reg distansieer Cilliers hom van hierdie retoriese strategieë as vorm van manupilasie. Hoewel die belang van die retoriek as taalverskynsel nie ondermyn word nie, kan die leser maklik die indruk kry dat retoriese strategieë as sodanig 'n bietjie verdag is. Om hierdie misverstand uit die weg te ruim, moes Cilliers tog iets oor retoriek as oorreding binne 'n kommunikasieraam geskryf het.

Die verkondiging van die blye boodskap maak erns met die Bybelteks. In 'n boek soos hierdie is dit onmoontlik om al die weefsels van die Bybelse teks na te speur. Al word dit nie deur die skrywer eksplisiet gedoen nie, is dit tog 'n senuwee in die boek. Wanneer 'n teks ontleed word, moet sake soos byvoorbeeld *Sitz im Leben* en *genre* indringend aandag geniet. Cilliers wys op 'n boeiende wyse daarop hoe 'n preek binne die ruimtes van die mens se intra-psigiese kan vassteek. In die verband verwys hy na Psalm 131 en ook na Dawid as karakter in die psalm (p 64). 'n Noukeurige analise van hierdie psalm laat blyk dat dit 'n vertrouensgebed is wat ook didakties-paranetiese kenmerke vertoon. Die neerslag van die wysheid in die psalm dui daarop dat dit in die ná-eksiliese tyd ontstaan het (W S Prinsloo; F-L Hossfeld en E Zenger). Dawid is dus nie, soos algemeen vermoed word, die karakter in die psalm nie.

Hierdie enkele kritiese opmerkinge is nie daarop afgestem om die waarde en aktualiteit van die boek te ondermyn nie. Dit wil verdere en noodsaaklike gesprekke stimuleer. Hierdie vlam wat deur Cilliers aangesteek is, moet landswyd brand. Nie om te vernietig nie, maar om liggend 'n weg te baan vir die verkondiging van die blye tyding. Alles wat die saak van die evangelie in die weg staan, moet uitgewis word. In hierdie oogmerk het Cilliers uitnemend geslaag. Hy hanteer sy pen soos 'n vlam. Lig, liggend, verliggend. Dit straal op 'n pad wat gevolg behoort te word. Die homiletiek is verryk en verruim deur hierdie tydige publikasie. Ter wille van die evangelie: lees dit asseblief!

C J A Vos



A E McGrath, *A Passion for Truth - the intellectual coherence of evangelicalism*, Apollos (an imprint of Inter-Varsity Press), Leicester 1996, 287 pp. Prys onbekend.

Die skrywer sê dat sy boek die beste verstaan kan word as 'n prolegomena tot die formasie van 'n "evangelical mind" (p 23). Verder sê hy dit is "an exploration of the intellectual viability of the evangelical habitat..." (p 23). Dit blyk ook reeds in die inleidingshoofstuk dat die skrywer veel meer krities staan teenoor, wat hy noem akademiese teologie, as teenoor die sogenaamde "Evangelicalism". Dit is dus 'n poging om die evangelisasie-beweging en teorie ("evangelical habitat") van 'n eie intellektuele staanplek te voorsien en dit te bevry van die terrein van blote teologiese toepassings.

Die eerste twee hoofstukke van die boek ondersoek die inherente intellektuele samehange van evangelisasie ("The Uniqueness of Jesus Christ" en "The Authority of Scripture"). In die laaste hoofstukke word meer klem gelê op die hedendaagse intellektuele en kulturele wêreld. Post-liberalisme, post-modernisme en pluralisme kry veral die aandag. 'n Uitstekende seleksie in die lig van die eintlike tema van die boek wat vertel van 'n passie vir die waarheid. Die vraag wat behandel word is dan of daar nog sprake kan wees van waarheid te midde van 'n postmoderne lewensgevoel en lewensbeskouing? Hierdie filosofiese strominge word goed weer-gegee en in 'n oortuigende historiese lig geplaas. Ongelukkig word daar egter nie gevorder tot 'n goed geïntegreerde en goed beredeneerde beskouing wat dit moontlik maak om op 'n kreatiewe wyse met die waarheid om te gaan nie.

Die hantering blyk uiters voorspelbaar te wees: post-modernisme moet gekritiseer word, daarin dat daar nie meer erns gemaak word met die waarheid nie (p 200) en pluralisme hou nie regtig 'n bedreiging in vir evangelisasie nie (p 240). En so lewer die skrywer uiteindelik geen wesenlike bydrae tot 'n betekenisvolle debat vir die huidige tyd nie. Dit word 'n betoog ter verdediging van "Evangelicalism", sonder om op 'n eerlike en onbevangen wyse die wesenlike vraagstukke wat evangelisasie inderdaad bedreig, aan te spreek.

Ek kan dan konkludeer deur te sê dat die boek as verdediging van die teorieë en praktyk van evangelisasie, 'n uitstekende bydrae lewer. Dit slaag egter nie daarin om 'n eerlike diskoers oor die kontemporêre kwessies te voer nie.

J C Müller

A Mol, *Ons teen die probleem*. J L van Schaik, Pretoria 1997, 111 pp.  
Prys R69-95

Dit is 'n netjiese boek, geskryf deur 'n bekende en uitgegee deur 'n deeglike uitgewer. Dit handel oor 'n immer aktuele probleem: konflikhantering. Bekyk mens die inhoudsopgawe, dan is dit onmiddellik duidelik dat die skrywer realisties en deeglik oor die probleem skryf. Die hoofstukopskrifte is beskrywend en duidelik:

Konflik is hier om te bly  
Die aard van konflik  
Verskillende benaderings tot konflikhantering  
Die mededingingsbenadering  
Ons natuurlike geneigdheid  
Die beginsels van die wen/wenbenadering  
Tegniese van die wen/wenbenadering  
Die wen/wenbenadering in aksie  
Sê nou maar...?

Die boek is baie prakties geskryf en die uitgewer bied dit in 'n lesersvriendelike formaat aan. Dele van die teks word byvoorbeeld in blokkies geplaas en ander dele weer gekleur met 'n grys agtergrond en sodoende is dit nogal maklik om vinnig 'n idee te kry van die strekking van die gedagtes. Die skrywer se styl om sy argumente te versterk en te illustreer met verhale, maak dit nie alleen meer leesbaar nie, maar soveel verstaanbaarder en oortuigender. Die talle verwysings na homself en sy eie gesin is soms irriterend. Dit sou veel meer oortuigend gewees het as die skrywer homself kon kommunikeer as 'n mede-worstelaar. Daar word te veel 'n indruk van 'n gearriveerde skrywer gewek - iemand met wie die sukkelende leser moeilik identifiseer.

Die oplossing wat in die laaste paar hoofstukke aangebied word, het meriete en bied ook terapeutiese moontlikhede. Die titel van die boek "Ons teen die probleem" suggereer reeds die oplossing, naamlik dat die probleem geëksternaliseer moet word en dat mense gehelp moet word om weg te kom van die "blaming game". So 'n benadering bied beslis moontlikhede vir mense en groepe om uit die impasse waarin soms vasgeval word, uit te kom. Vir my is dit net jammer dat die "oplossing" tog maar weer vassteek by 'n resepmatige benadering. Die wen/wenresep is weliswaar 'n beter een as die wen/verloorresep, maar dit bly maar 'n resep en daarom 'n oppervlakkige benadering tot die verskynsel. 'n

Vrugbaarder benadering sou wees om mense te help om meer te verstaan van die aard van die sisteme waarbinne hulle leef. Dit help nie om net konflik se oorsprong te soek binne die sondige aard van die mens nie. Deur die verskynsel van konflik meer sistemies te verhelder sou mense gehelp kon word om te verstaan waarom hulleself en ander soms so gedetermineerd is tot die teenoor-posisie. So 'n insig neem die druk van 'n mens af en maak jou gewillig om 'n ander opsie as konflik te oorweeg.

Ten spyte van die kritiek is die boek tog 'n waardevolle en welkome bydrae tot die populêre literatuur oor konflikhantering en kan dit aanbeveel word.

J C Müller

C J A Vos, *Die volheid daarvan I en II*, RGN-Uitgewery, Pretoria 1996, 676 pp. Prys R110-00 en R135-00 onderskeidelik.

Hierdie boek, in twee dele, is 'n herskrywing van "Die blye tyding" wat in 1995 by die RGN in die reeks "RGN-studies in Praktiese Teologie" verskyn het. Vos het in die jongste boek gebreke wat in die eerste boek duidelik was, uitgestryk. 'n Voorbeeld hiervan is die keuse vir 'n dialogiese kommunikasieteorie in plaas van die simbolies-interaksionele (op voetspoor van Dingemans) in die eerste boek. Gedeeltes wat deur ander skrywers in die eerste boek geskryf is, is nou deur Vos self in die jongste boek geskryf. Die jongste boek is dus 'n opsigtelike verbetering deurdat dit 'n geïntegreerde struktuur, denkpatroon en skryfstyl vertoon. Deur die verandering in die kommunikasieteorie, vertoon die jongste boek ook 'n ware hermeneuties-kommunikatiewe perspektief. Die jongste boek is uitgebreider (676 bladsye) teenoor 631 bladsye van die vorige een.

Die boek wil 'n handboek in die homiletiek wees wat veral deur studente goed gebruik kan word. Daarvan getuig die feit dat al die temas wat in die pioniersfase van die nuwe homiletiek (die periode ná 1970) uitgedelf is, in die boek opgeneem is. In die woorde van die resensie van R Bos (Postille 1996-1997): "Wie tijd en moeite wil doen om zich te laten informeren op een breed terrein van de homiletiek, treft in dit boek een voortreffelijke gids". Verder is die boek van 'n persoonsregister, 'n sakeregister en 'n teksregister voorsien, wat sy karakter as breë handboek aantoon.

Vos plaas die temas van die "nuwe homiletiek" ('n benadering nie meer vanuit die dogmatiek nie, maar vanuit 'n hermeneuties-kommunikatiewe perspektief wat teoreties 'n prakties-teologiese benadering is) in sy

ontwerp op die tafel en lewer 'n eie oorspronklike bydrae tot die homiletiese gesprek. Die volgende hoofemas kom aan die orde: 'n hermeneuties-kommunikatiewe preekteorie; die preek in teologiese perspektief; kommunikasieteorieë in diens van die evangelie; 'n hoordershermeneutiek; 'n tekshermeneutiek; taal as kommunikatiewe handeling; preekvorme en die preek in die praktyk. Die skrywer het dus die temas wat in die breedste sin op die homiletiek slaan, saamgebring en behandel.

Dit is moeilik om uit so 'n uitgebreide teks die meeste van Vos se eie bydraes tot ons vakkennis uit te lig en hier te bespreek. Daarom word slegs die belangrikste bydraes hier genoem. By die herlees en nogeens herlees van hoofstuk II in deel I (die Bybels-teologiese teorie van die prediking) ontdek 'n mens onder die bekende klanke van die (gereformeerde) opskrifte 'n werklik eie bydrae wat nog nie in die homiletiek binne hierdie (nuwe) paradigma ontwikkel is nie. Uitgangspunt hierin is die feit dat die konsepte van verbond en koninkryk in die lig van God se koms na die mens en die wêreld geplaas word (pp 65-66), wat die kommunikatiewe aspek uitlig en so hierdie sterk verrykte teologiese teorie binne die nuwe prakties-teologiese paradigma plaas. Wat verdere lig op die hermeneuties-kommunikatiewe karakter van hierdie teologiese teorie laat val, is die feit dat die homiletiese teorie (weer van 'n ander kant bekyk) in verbonds- en koninkryksperspektief geplaas word. As goed gevormde teoloog lees Vos die tekste van die Ou en Nuwe Testament op 'n grondige en kreatiewe wyse en verryk die teologiese konsepte met lig uit die oerbronne en die ervaring van die eie tyd. In hierdie opsig (die ervaring) gaan hy in gesprek met die onlangse intense diskussie in Nederland oor openbaring en ervaring (pp 121-129) en kom met 'n eie bydrae deur aan te toon dat die begrippe verbond en koninkryk uitmond in drie begrippe wat ervaring uitdruk, naamlik herinnering, verbeelding en hoop. Maar dit is nog nie die einde van hierdie genuanseerde teorie nie. In 'n verhelderende diskussie met Van Ruler word die christologiese en pneumatologiese grondslag van die homiletiek nuut uitgespel en kom daar (wat my betref) onder andere een saak na vore wat vandag weer ter sprake is, naamlik die feit dat die imperatief (natuurlik gebou op die heilsindikatief), die etiek in die preek, voluit moet funksioneer (p 111). Dit is 'n uiters belangrike bevinding, omdat ons nie die gevaar mag loop om uit vrees vir wettisisme die etiek uit die preek te ban nie.

Hierdie Bybels-teologiese teorie vir die homiletiek is sekerlik die stewigste eie bydrae deur Vos tot die homiletiese kennis binne die hermeneuties-kommunikatiewe paradigma. W S Prinsloo druk die feit van hierdie teologies-teoretiese bydrae goed uit (in sy toespraak met die

bekendstelling van die boek): “Hy slaag daarin om met ’n kunstenaars-hand, op interdisiplinêre wyse al die fasette van die teologie ineen te weef tot ’n geïntegreerde kunswerk”.

Vanweë gebrek aan ruimte wil ek nog op een element in die boek wys wat ’n besondere bydrae tot ons Suid-Afrikaanse homiletiese diskussie is, naamlik die bespreking van die waarde van die retoriek vir die prediking onder die (modern prakties-teologiese) gesigspunt van taal as kommunikatiewe handeling (hoofstuk II, deel II). Die retoriek is in die verlede van die homiletiek as ’n grootheid bespreek wat as ’n soort “Fremdkörper” die homiletiese teorie binnegedring het. Vos plaas dit in hierdie boek binne ’n kommunikatiewe raam en binne die nuwe paradigmatische perspektief (hermeneuties-kommunikatief) en so word dit organies deel van die teologiese teorie van die prediking. Dit blyk ook uit die deeglike bespreking daarvan binne die perspektief van die lees van die Bybelteks. Hier, soos in die res van die boek kom ’n mens onder die indruk van die wydbelesenheid van die skrywer en die hantering van ’n verskeidenheid literatuur.

Deur hierdie twee sake uit te lig wou ek Vos se eie oorspronklike bydrae tot die homiletiese teorie van ons dag beklemtoon. Al die temas in die boek word egter telkens ook krities en met ’n eie inset behandel.

Dit lê eintlik nie op die weg van hierdie boek, wat ’n breë handleiding wil wees, om die belangrike aspek van homiletiese praktykonderzoek aan te sny nie. Tog sou dit die boek verder verryk het. In die praktiese teologie is dit belangrik om ’n duidelike metode uit te spel waarmee die wetenskaplike toetsing en ondersoek tussen teorie en praktyk (in hierdie geval in die homiletiek) benader kan word. Alle teologie werk hermeneuties, maar in die praktiese teologie moet daar binne die hermeneuties-kommunikatiewe raam ook ’n metode wees waarmee die verwikkelde prosesse van die wedersydse invloed van teorie en praktyk op mekaar wetenskaplik ondersoek kan word.

Die boek is pragtig versorg met ’n skitterende buiteblad. Dit is aantreklik en lees vlot. Die skrywer word gelukkig met hierdie mooi boek, met sy belangrike bydrae tot ons vakkennis, en met sy entoesiasme vir die homiletiek. Die boek word van harte aanbeveel.

H J C Pieterse